Vrystaat

Vraag: Watter dorp was vir een (1) week in 1900 die hoofstad van die Vrystaat?	*Antwoord*: Heilbron.
Vraag: In watter dorp in die Vrystaat is die Pellissierhuis wat die oudste huis is wat deur blankes gebou is?	*Antwoord*: Bethulie.
Vraag: Hoe het Naval Hill, Bloemfontein, sy naam gekry?	*Antwoord*: Met lord Robberts se inname van Bloemfontein is die vloot brigade op die koppie geplaas. Dit het tot die naam aanleiding gegee. (Naval = Vloot)
Vraag: 'n Unieke park en sterrewag wat in 1972 gesluit is, is op dieselfde perseel in Bloemfontein. Wat is die terrein se naam?	*Antwoord*: Naval Hill.
Vraag: Die Universiteit van Michagan in die VSA het in 1928 iets op Naval Hill gevestig wat tot 1972 in gebruik was. Dit is nou 'n Kultuurhistoriese Monument. Wat is dit?	*Antwoord*: Sterrewag.

Vraag: Die dorp se naam was eers Ventersburg-Weg omdat dit net ’n stasie was. Nadat kalkneerslae in 1927 ontdek en twee sementfabrieke opgerig is, het dit gelei tot die stigting van die dorp. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Henneman.
Vraag: Die dorp se naam is ’n verwringing van Hlohlowane, wat gevegshoogte beteken. Plunderende drosters het hulle op die hoogte tuis gemaak. By watter dorp is die hoogte?	*Antwoord*: Clocolan.
Vraag: Bo-op Doringberg is goed bewaarde reünes van die uitgesterfde Leghoya stam. Dit is besonder klein huisies wat van klip gebou is. By watter ontspanningsoord is Doringberg?	*Antwoord*: Allemanskraaldam/ Willem Prinsloo Natuurreservaat.
Vraag: Qwa-Qwa beteken “witter as wit”. Voorheen was die naam Witsieshoek. Hoe het die plek aan die naam Witsieshoek gekom?	*Antwoord*: Whêtse en sy bende veediewe is daar in ’n grot vasgekeer. Toe word die plek met ’n verdraaiing van die bendeleier se naam, Witsieshoek genoem. (Hy het ontsnap.)
Vraag: Die huis waar die eerste vliegtuig in Afrika gebou is, is nog in die dorp. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Brandfort

Vraag: Allandale, generaal de Wet se plaas, is naby die dorp vanwaar verskeie passe na Natal lei. Die naam beteken "Omring deur water". Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Memel.
Vraag: Naby die dorp is die plaas Beersheba, wat eers 'n Franse sendingstasie was. Dit is sedert 1856 in besit van die Swanepoelfamilie. Die huis se gange is 3 meter wyd, 1 meter dik mure, bestaan uit 18 kamers met houtplafonne, ensovoorts. Dit is die vierde oudste dorp in die Vrystaat na Winburg, Bloemfontein en Phillippolis. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Smithfield.
Vraag: Teen Naval Hill, Bloemfontein het die Wiltshire regiment dit gemaak/gebou. Wat is dit?	*Antwoord*: Met wit klippe 'n perd uitgepak ter herinnering aan die bekende prehistoriese wit perd.
Vraag: Die eerste blanke wat hom in die Vrystaat gevestig het, het sy plaas naby 'n fontein aangelê. Naby die fontein is 'n fort gebou wat ongelukkig nie meer bestaan nie. Die naam van die fort is later deur 'n hotel oorgeneem. Die geveg te Boomplaats het daar plaas gevind toe 'n Engelse leer die Boere verdryf het wat die fort vroeër oorgeneem het. Wat was die naam van die fort?	*Antwoord*: Fort Drury.
Vraag: Die Exelsior diamant (971 kt) was tot voor die ontdekking van die Cullinan diamant (3 106 kt) die grootste. Waar is dit in 1870 gevind?	*Antwoord*: Jagersfontein.

Vraag: Watter dorp aan die Vrystaatkant van die Vaaldam is as 'n ontspanningsoord ontwikkel?	*Antwoord*: Deneysville. Dit is vernoem na kolonel Reitz wat in 1936 minister van Lande was.
Vraag: Waar in die Vrystaat het die Universiteit van Michigan (VSA) 'n sterrewag gebou?	*Antwoord*: Naval Hill, Bloemfontein.
Vraag: Watter dorp het Adam Kok, Griekwaleier, aan die Vrystaatse regering verkoop?	*Antwoord*: Philippolis.
Vraag: Naby watter dorp is die langste spoorwegbrug in Suid-Afrika? (1 152 m lank)	*Antwoord*: Bethulie.
Vraag: Wat is die naam van die dorp by Jammerdrif in die Caledonrivier waar generaal De Wet 2 000 Britse soldate vasgekeer het?	*Antwoord*: Wepener.

Vraag: Naby watter dorp is die Caledonspoort grenspos? (Dit was gedurende die Anglo Boere Oorlog vir ’n kort tydjie die Vrystaat se regeringsetel.)	*Antwoord*: Fouriesburg.
Vraag: Waar in Suid-Afrika is die eerste vliegtuig gebou?	*Antwoord*: Brandfort.
Vraag: In watter dorp was die tronk ’n bloekomboom waaraan gevangenes vasgemaak is? (In die 1800s.)	*Antwoord*: Jagersfontein.
Vraag: Bloemfontein het rondom ’n fontein ontstaan. Wat is die naam van die park waar die fontein vandag is?	*Antwoord*: Victoriapark
Vraag: Moroko was ’n Rolongstam opperhoof en bondgenoot van die Voortrekkers. By watter dorp is sy graf wat ’n historiese monument is?	*Antwoord*: Thaba Nchu.

Vraag: Watter dorp in die Vrystaat het ’n verbintenis met Paul Kruger?	*Antwoord*: Clarens. Paul Kruger is in Clarens Switzerland oorlede kort voor die dorp se stigting.
Vraag: Wat is die naam van die gewilde vakansieoord geleë by die Allemanskraaldam?	*Antwoord*: Willem Prinsloo Natuurreservaat.
Vraag: Die Pruisiese naam beteken “Omring deur water”. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Memel.
Vraag: ’n Skeepskanon, genaamd “Ou Grietjie”, het tydens ’n koninklike besoek aan die dorp per ongeluk die kanonniers se koppe af geskiet. Die kanon staan vandag nog daar. Watter dorp is dit?	*Antwoord*: Smithfield.
Vraag: Wat is uniek aan die restaurant by die vakansieoord Loch Athlone by Bethlehem?	*Antwoord*: Dit is in die vorm van die skip Athlone Castle gebou.

Vraag: Watter dorp is op die deurganggrens tussen Suid-Afrika en Lesotho? Dis ook die grootste kersieproduserende gebied in Suid-Afrika.	*Antwoord*: Ficksburg.
Vraag: Wat word die snaakse rotsformasies by Ladybrand genoem?	*Antwoord*: Die Stalle.
Vraag: Watter dorp in die Vrystaat staan bekend as “Stad van brood”?	*Antwoord*: Bethlehem.
Vraag: Naby watter dorp is die JJ Fouche vakansieoord.	*Antwoord*: Villiers.
Vraag: Waar in die Vrystaat is die Voortrekkermonument geleë?	*Antwoord*: Winburg.

Vraag: In watter rivier by Bethlehem is die dam Loch Athlone?	*Antwoord*: Jordaanrivier.
Vraag: In watter berg is die Oog van Zastron? Dit is ’n gat van 9 meter in deursnee.	*Antwoord*: Aasvoëlberg.
Vraag: Wat is die naam van die bekende nasionale park naby Clarens?	*Antwoord*: Golden Gate Hoogland Nasionalepark.
Vraag: ’n Jaarlikse bergmarathon was altyd teen Platberg gehou. Wat is die naam van die dorp daar naby?	*Antwoord*: Harrismith.
Vraag: Tien kilometer buite die dorp, op die walle van die Schoonspruit, vind ons die grootste fossielterrein in die Vrystaat. Naby watter dorp is dit? ’n Fossiel van ’n vark so groot soos 'n donkie, reuse buffel- en seekoeispesies en steentydperk werktuie is daar gevind.	*Antwoord*: Cornelia.

Vraag: Ongeveer 40 kilometer van Dealsville is minerale baddens waar fossielneerslae volop is – die primitiefste wat ooit gevind is, is daar gevind. Wat is die plek se naam?	*Antwoord*: Florisbad.
Vraag: Wat is die naam van die eerste dorp is wat deur die Voortrekkers in die Vrystaat gestig is?	*Antwoord*: Winburg.
Vraag: Tydens die ontstaan van Bloemfontein is ’n fort gebou waarvan vandag nog net die naam aan ’n hotel wat op die plek gebou is, gekoppel is. Wat was die fort se naam? Verdere toeligting: Die Engelse het die gebied beskou as nutteloos, maar terwyl hulle die gebied beset het, het Harry Warden ’n garnisoen van 450 man daar gevestig en ’n fort gebou. Die fort is in 1848 gebou en is nou ’n Nasionaal Historiese Monument.	*Antwoord*: Queens Fort in Bloemfontein.
Vraag: Waar kom die naam Bloemfontein vandaan?	*Antwoord*: ’n Fontein wat deur Europeërs so genoem is. Inheemse bevolking het verwys na Mangaung wat beteken: Luiperd se plek.
Vraag: Bloemfontein het ontstaan by ’n fontein wat vandag in die Victoria Park is. Wat is die Afrika naam daarvan?	*Antwoord*: Mangaung.

Vraag: Buite watter dorp in die Vrystaat vind mens drie rondawels waarvan die mure uitsluitlik met wit, bruin en groen kleur glasbottels gebou is?	*Antwoord*: Trompsburg.
Vraag: ’n Replika van die Athlone Castle is in Loch Athlone – dit is een van drie damme – gebou en word as ’n restaurant gebruik. In watter rivier by Bethlehem is die dam?	*Antwoord*: Jordaanrivier.
Vraag: Watter dorp is vernoem na ’n perd wat in die rivier wat deur die dorp vloei, verdrink het?	*Antwoord*: Kroonstad. Dit is een van die spekulasies waar die dorp se naam vandaan kom.
Vraag: Hoe het Vredefort ontstaan?	*Antwoord*: Die eienaar van die plaas het uit dank erkenning vir die beëindiging van die vyandelikhede tussen die republieke van Transvaal en Vrystaat die dorp in 1876 gestig.
Vraag: Daar was ’n fort op die plaas Keerom wat gedurende die Sotho oorloë in die 1850s afgebrand het. Wat is die naam van die dorp, vernoem na president Brand?	*Antwoord*: Brandfort.

Vraag: Die Vaalrivier is ± 1 kilometer breed by die dorp wat deur ’n Duitser opgemeet is. Die rivier en plek het hom laat dink aan die Seinrivier in die Europese stad waar hy in 1870 geveg het in die besetting van die stad. Hy gee toe die dorp dieselfde naam. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Parys.
Vraag: Die Londense sending genootskap het in 1823 ’n sendingstasie hier ge-open. Die dorp het toe aan die Griekwas behoort. Daar was, behalwe die gewone geboue, ook ’n Raadsaal, tronk en galg. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Phillippolis.
Vraag: Die dorp is as een van drie gestig om die gebied teen Sotho aanvalle te beskerm. Elke inwoner moes ’n geweer, 200 patrone, hout en noodvoorrade aanhou. In die Mpharane (Berg) Staatsbos is baie wilgerbome wat beweer word stegies is van die boom wat oor Napoleon se graf op St Helenabaai groei. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Ficksburg.
Vraag: Die Welbedachtdam in die Caledonrivier is naby die dorp waar hewige gevegte tussen die Engelse en generaal de Wet plaasgevind het. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Wepener.
Vraag: Die naam van die dorp beteken: Dorp van brood. In die vallei het koring wat deur vroeë setlaars geplant is, geil gegroei. Toe noem hulle die dorp so. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Bethlehem.

Vraag: Wat is die naam van die huidige sterrewag in Bloemfontein?	*Antwoord*: Boyden Sterrewag.
Vraag: In 1963 is hierdie Natuurreservaat aan die bolope van die Klein Caledonrivier geproklameer. 'n Uitstaande kenmerk is 'n besondere rotsformasie en grotte onder andere, Gladstone se neus. Wat is die naam daarvan?	*Antwoord*: Golden Gate Hoogland Nasionalepark.
Vraag: Die Klipfonteindam is by die dorp waar die spoorlyn in die hoofstraat deur die dorp geloop het. Eerwaardes Phillip, Faure en Henry Smith was betrokke. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Fauresmith.
Vraag: 1 137 spiese is in die Voortrekkerlaer gegooi wat deur 35 mans verdedig is. Die aanslag is afgeweer, maar 5 000 skape en 500 beeste en 100 perde is deur die Matabele aanvallers geroof. Vandag is daar 'n skrapse gedenkteken, museum en kampterrein Wat is die naam van die plek?	*Antwoord*: Vegkop.
Vraag: Hoe het die Stalle, 'n rotsformasie by Ladybrand, aan die naam gekom?	*Antwoord*: Gedurende die Basoeto oorlog (1858) het die Boere hul perde daar op stal gehou.

Vraag: Hierdie swembad is 135 meter lank en die grootste in die suidelike halfrond. Waar is die swembad?	*Antwoord*: Maselspoort.
Vraag: Na die Anglo Boere Oorlog is ’n besonderse monument in Bloemfontein opgerig. Wat is die naam daarvan?	*Antwoord*: Nasionale Vrouemonument.
Vraag: As watter hoofstad is Bloemfontein bekend?	*Antwoord*: Regterlike Hoofstad.
Vraag: Middernag 16 Junie 1896 het die skip Drummond Castle by Ushant (Frankryk) gestrand en 250 mense het verdrink. Watter verbintenis het dit met die Goudvelde van Odendaalsrus gehad?	*Antwoord*: Die twee prospekteerders wat aan boord was, was op pad na London om maatskappy(e) te vind om die myne te ontwikkel.
Vraag: In 1870 is diamante op die plaas Jagersfontein ontdek. Die plaashuis is as kantoor ingerig. Regoor die huis was ’n groot bloekomboom. As wat is die boom gebruik?	*Antwoord*: As gevolg van ’n gebrek aan geboue is die boom as ’n tronk gebruik. Gevangenes is aan die boom vasgemaak.

Vraag: Waar is die bekende Twee Toring kerk?	*Antwoord*: Bloemfontein.
Vraag: ’n Gedeelte van die NG Kerk in Bloemfontein, waarvan sy naam afgelei is, is ’n replika van die Bamberg Katedraal in Bavaria. Onder watter naam is die kerk bekend?	*Antwoord*: Twee Toring kerk.